

# Só kan landbou ‘fabelagtig’ deur storm voortbeur

**Die landbou was die afgelope paar jaar die sektor van die Suid-Afrikaanse ekonomie wat die vinnigste gegroei het. Vanjaar kan hy dit weer regkry.**

Die buro vir voedsel- en landboubeleid (BFAP) het sy landbouvooruitskouing tot 2031 in Augustus gedeel. ’n Hoë staatsamptenaar van die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling het in sy toespraak na die “fabelagtige BFAP” verwys.

Fabelagtig verwys na een van twee dinge: dat BFAP se uitsette buitengewoon is of dat BFAP se uitsette geen basis in die werklikheid het nie. Daar is geen twyfel wat die amptenaar bedoel het toe hy na BFAP as fabelagtig verwys het nie. In die Suid-Afrikaanse ekonomie presteer die landbousektor fabelagtig. Hier is ’n paar hoogtepunte.

Die landbousektor het in 2020 met 13,4% gegroei en in 2021 met 8,3%. In die Suid-Afrikaanse ekonomie stof die sektor al die ander sektore uit. Uitstekende produksie, hoë internasionale pryse en uitvoerpariteitspryse het ’n groot bydrae gelewer. Produsente se vertroue en belegging in die landbou het ondanks Suid-Afrika se unieke probleme die afgelope dekade die grondslag daarvoor gelê.

Die verwagte groei vir 2022 kan 5% beloop. Dit is hoër as die land se ekonomiese groei, wat sukkel om 2% te oorskry. Werk word geskep as ’n sektor of ekonomie groei van meer as 5% toon. Hoër insetkoste vir graanproduksie en laer groei in die lewendehawesektor beperk groei in 2022.

Verbruikersprysinflasie het in Junie 7,4% beloop, terwyl voedselinflasie 8,6% beloop het. Voedselinflasie is egter hoër in ontwikkelde lande soos Amerika en die Europese Unie as in Suid-Afrika. Suid-Afrika kon die lande uitstof danksy goeie produksie-omstandighede die afgelope drie seisoene, maar ook omdat Suid-Afrika ’n ontwikkelde, kommersiële landbousektor het wat goed met dié van ontwikkelde lande vergelyk.

Ondanks die goeie prestasie dwing die hoë voedselinflasie die verbruiker om meer stapelvoedsel, soos witmielies, te verbruik omdat ’n huishouding van vier 30% van hul huishoudelike inkomste op voedsel bestee.

Weens die hoë internasionale pryse gaan meer grond wêreldwyd in produksie kom. Tesame met goeie produksie-omstandighede kan voorraadvlakke vinnig herstel en pryse onder verdere druk plaas. Hiermee saam sal die kunsmisbedryf sy bronne van kunsmis uitbrei en produksie verhoog, wat tot laer kunsmispryse lei.

Suid-Afrikaanse produsente het die afgelope drie jaar goeie winsmarges behaal en produksie tot ’n 25-jaar-hoogtepunt gedryf. Namate produkpryse normaliseer, sal winsmarges veral in marginale produksiegebiede begin knyp. Verwag dat die groei in graan- en oliesadeproduksie in die volgende paar seisoene kan stagneer. Die sojaboonbedryf het ’n vlak van selfvoorsienendheid bereik waarna uitvoer nodig sal wees om surplusse te verwyder. Die produksie van diegene wat teen uitvoerpariteitspryse kan produseer, sal op lang termyn volhoubaar wees.

Wat moet gebeur sodat graan- en oliesadekommoditeite se produksiegroei kan volhou?

Eerstens moet die lewendehawesektor sy struikelblokke oorkom sodat die fabelagtige, ontwykende potensiaal van die sektor kan realiseer. Dan sal produksie in die sektor versnel met ’n gepaardgaande toename in die vraag na veevoer.

Tweedens moet landbougrond wat ingevolge die grondhervormingsprogramme uitgedeel en nou nutteloos vir produksie is, toeganklik gemaak word vir kommersieel gedrewe produsente wat voedsel en voer wil produseer. BFAP stel voor dat die produsente met omvattende ondersteuning, toegang tot krediet en ’n versekeringsnet ondersteun moet word.

As die verbruiker ekonomiese druk ervaar, neem die verbruik van styselgebaseerde voedsel, soos witmieliemeel, toe en die verbruik van hoëproteïenvoedsel en lewendehaweprodukte af.

Omdat die lewendehawesektor gevoeliger is vir faktore wat die verbruiker se beursie laat krimp, kan produksiegroei in die sektor vir die volgende dekade onder druk wees. Dit sal ’n impak op die plaaslike vraag na graan en oliesade hê. Die sektor sal moet konsentreer op die uitvoer van rooivleisprodukte en wol om groei te versnel.

Die voorwaarde vir versnelde groei in die sektor is dat dieregesondheid voldoende getakel word. Die frekwensie van uitbrekings van veesiektes moet drasties verminder word.

Die sukses van die veesektor om sy probleme te oorkom het ’n regstreekse impak op die vraag na veevoer, die produksie van graan en oliesade vir veevoer, en die deurvoer van bykomende volumes graan en oliesade deur die opbergingsektor se aanlegte.

Die vee- en graansektor moet leer uit die lesse van die vrugte-uitvoerbedrywe. Die vrugtebedrywe se vermoë om wêreldwyd mededingend te wees, maak hulle minder gevoelig vir die faktore wat die plaaslike verbruiker se koopkrag verminder.

Die uitvoervrugtesektor se gespook om belegging in hawe-uitvoerinfrastruktuur te bevorder het ’n regstreekse impak op die graan-, oliesade- en opbergingsektor. Die hawe-infrastruktuur het nie tred gehou met die groei in die landbousektor nie. Die verwagting is dat die volumes van die vrugte-uitvoersektor oor die volgende dekade met ’n verdere 30% kan toeneem.

Almal in die private en openbare sektor moet saamwerk om die kwessies wat produksie kan beperk, die hoof te bied. As een sektor groei beleef, beleef almal groei. Surplusproduksie teen uitvoerpariteit verseker verhoogde toegang tot bekostigbare en veilige voedsel vir die verbruiker. **LBW**

---

BRON: *BFAP-basislyn 2022: Landbouvooruitsig vir 2022-2031*